HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 32 VAN 2021

30 Julie 2021

Geagte Ouer/Voog, Onderwyser en Leerder

TOETSREEKS

Ons voltooi op 30 Junie 2021 ons Toetsreeks deur die aanlyntoetse se probleemgevalle te akkommodeer.
Ek wil graag almal bedank vir hulle samewerking met die toetsreeks en dat ons midde ontwrigtings die volledige reeks afgehandel en voltooi het. Dit is baie belangrik dat ons leerders die halfjaar-werk moes hersien en leer, 'n assesseringsmoment moes ervaar en nou 'n goeie aanduiding behoort te hê van hul eie vaardighede in elke vak. Ons glo dat dit hulle sal bemagtig om meer sinvol vir die November-eksamen voor te berei en daarvan 'n groot sukses te maak.
Akademie is tog maar soos alles in die lewe: "Hoe meer jy oefen, hoe beter word jy".
Ons beoog om ons rapporte op Woensdag, 11 Augustus 2021 uit te gee.

DERDE KWARTAAL

Ons klasse neem op Maandag, 2 Augustus 2021 met dag vyf in aanvang. Ons behoort teen die middel van volgende week 'n kwartaalprogram te publiseer. Die HELE skool kom dan ELKE dag skool toe soos voor ons toetsreeks. Ons het genoeg klasse en personeel om steeds leerders se veiligheid te probeer verseker deur sosiale afstand in die onderriglokale te handhaaf. Kovid-protokolle bly in plek. Leerders moet te alle tye hulle maskers dra. Leerders word gesaniteer voor elke klas en moet elkeen self sy skoolbank saniteer voordat hy/sy die tafel gebruik.
Daaglikse Kovid-kontrole word weer elke oggend voor skool by die onderskeie versamelpunte, soos voor die toetsreeks gedoen.
Graad 8 & 9 verdaag elke dag tien minute voor die ander grade om opeenhoping by die skoolhekke te verminder.
Ons doen 'n beroep op ons kinders om nie na skool in bondels by die hoofhek te staan nie. Kom ons handhaaf 'n sosiale afstand al is ons buite. Almal weet dat die Delta-variant van die Kovid-virus hoogs aansteeklik is en derhalwe is dit baie belangrik om uitmekaar te staan of sit.

Kovid+-leerders mag uiteraard nie skool toe kom nie. Ouers moet steeds vir mnr. Vosloo by covid@hsrandburg.co.za verwittig sodra 'n leerder positief vir Kovid getoets het en hom dan ook voorsien van die laboratorium se toetsverslag wat as afwesigheidsbrief sal dien.

Leerders in isolasie (met óf sonder simptome) na DIREKTE en noue kontak met 'n positiewe Kovid-geval, mag ook nie skool toe kom nie en vir 'n periode van tien dae in isolasie bly. Sulke gevalle moet ook dadelik aan mnr. Vosloo gerapporteer word.
Leerders wat verkoue simptome het, moet ook tuisbly en 'n mediese praktisyn nader vir 'n diagnose en behandeling van die simptome. Sodra die simptome weg is, kan die leerder weer skool toe kom.

Alle afwesige leerders (al is dit reeds by mnr. Vosloo aangemeld) moet daagliks die *Google* vorm voltooi wat u vind deur die volgende skakel te volg: https://bit.ly/HSRBDV2020. Dit maak ons daaglikse teenwoordigheidskontrole baie akkuraat en derhalwe maak ons staat op elke ouer se samewerking.

SKOOLAKTIWITEITE

Sport

Ons wag om te verneem na aangepaste regulasies oor die voortsetting van skoolsport en antisipeer dat daar onderskeid tussen kontak- en nie kontaksport getref sal word. Sodra ons inligting ontvang, sal ons u in kennis stel. Intussen mag klein groepe – nie meer as vyf per sessie – aangaan met oefeninge wat by uitstek op fiksheid, kondisionering en vaardighede sal fokus. GEEN spanoefeninge word vir nou toegelaat nie. Streng Kovid-protokolle word by elke kleingroepoefening verwag. Hierdie kleingroepoefeninge is ook nie afdwingbaar nie en is bloot ’n poging om ons leerders die kans te gee, sou hulle daartoe ’n behoefte hê.

Mnr. en Mej. Randburg

Hierdie aktiwiteit is gekanselleer vir hierdie jaar weens Kovid-voorskrifte.

Kriewelfees

Geen konserte of optredes mag plaasvind nie, daar sal derhalwe nie vanjaar ’n amptelike Kriewelfees kan plaasvind nie. Enige kultuuraksies wat sou plaasvind, moet aanlyn aangebied en afgeneem word.

Koor

Geen groepoefeninge of optredes word tans toegelaat nie. Aanlynoefening word aanbeveel.

Tienertoneel

Verskeie stukke is reeds voorberei en oefen met streng Kovid-protokolle in plek. Geen openbare optredes of konserte mag gehou word waar daar ’n gehoor heen uitgenooi sal word nie. Produksies kan opgeneem word en aanlyn besigtig word. Deelname aan kompetisies is ook beperk tot geleenthede wat in isolasie plaasvind – d.w.s. geen gehoor nie. Slegs deelnemers en beoordelaars mag teenwoordig wees.

Ander skoolaktiwiteite is beperk tot aanlyn-platforms tot tyd en wyl regulasies anders toelaat.

Netheidskontrole

Ons wys net daarop dat normale skoolreëls weer vanaf Maandag, 2 Augustus geldig is en dat ons verwag dat leerders se voorkoms in alle opsigte aan die kriteria sal voldoen. Ons vra ALMAL se samewerking in die verband sodat ons te alle tye TROTS op die voorkoms van ons leerders kan wees.

GRAAD 12 VOORBEREIDENDE EKSAMEN

Hierdie eksamen begin op Donderdag, 12 Augustus 2021. Die **eksamenrooster en verpligte, verlengde skooltye vir die matrieks** word vir u kennisname ingesluit (bladsy 4 en 5). Ons wil al die matrieks sterkte toewens en aanmoedig om baie hard vir hierdie eksamen te werk. Dit is ’n kosbare geleentheid om voor te berei vir die finale eksamen wat in Oktober begin en elke individu se kennis en vaardigheidsvlakke in elke vak te konsolideer en verbeter tot op die vlak van ’n potensieel maksimale prestasie.

KOVID

Hiermee ons nuutste Kovid-statistiek. Dit het onder ons aandag gekom dat mnr. Arno Faber, die hoof van Laerskool Fontainebleau, in die hospital opgeneem is met Kovid-19-verwante simptome. Ons dra hom in ons gebede op en wens hom spoedige beterskap toe.

Hoërskool Randburg: Kovid-19-statistiek																					
Dag		Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry
Maand		Julie					Julie					Julie					Julie				
Datum		5	6	7	8	9	12	13	14	15	16	19	20	21	22	23	26	27	28	29	30
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	14	14	14	14	14	14	15	15	16	16	16	18	18	18	18	18	18	18	18	18
	Herstel van Kovid-19	13	13	13	13	13	14	14	14	14	14	14	14	14	14	15	16	16	16	16	18
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	**1**	**1**	**1**	**1**	**1**	**0**	**1**	**1**	**2**	**2**	**2**	**4**	**4**	**4**	**3**	**2**	**2**	**2**	**2**	**0**
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	3	3	3	1	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	1	1	1	1	1
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	79	79	83	83	84	85	90	92	94	95	95	97	97	97	100	103	105	107	107	107
	Herstel van Kovid-19	66	67	68	69	72	80	81	82	82	82	82	87	87	90	92	95	95	96	97	97
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	**13**	**12**	**15**	**14**	**12**	**5**	**9**	**10**	**12**	**13**	**13**	**10**	**10**	**7**	**8**	**8**	**10**	**11**	**10**	**10**
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	1	1	0	3
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
TOAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	93	93	97	97	98	99	105	107	110	111	111	115	115	115	118	121	123	125	125	125
	Herstel van Kovid-19	79	80	81	82	85	94	95	96	96	96	96	101	101	104	107	111	111	112	113	115
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	**14**	**13**	**16**	**15**	**13**	**5**	**10**	**11**	**14**	**15**	**15**	**14**	**14**	**11**	**11**	**10**	**12**	**13**	**12**	**10**
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	3	3	3	1	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	2	2	2	1	4
	Komorbiditeit afwesig	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

Hoewel die President ons afgeskaal het tot 'n aangepaste vlak-3 inperking, is die risiko van Kovid-verspreiding nie noodwendig minder nie. Ons kan dus onder geen omstandighede apaties staan en onverantwoordelik optree nie. Ons moet almal Kovid-protokolle volg om elkeen onsself en die mense om ons teen verspreiding van die virus te beskerm.

Ons wens almal sterkte vir hierdie kwartaal toe.

Vriendelike groete.

P Booysen: Hoof

GR 12 VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2021

AUGUSTUS

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
1	2	3	4	5	6	7
8	9 Vrouedag	10	11	12 **13:00-17:30** Toerisme PAT	13 **12:00-16:30** Toerisme PAT	14
15	16	17	18	19	20 **13:00** Drama Prakties Rekordeksamen	21
22	23	24 **09:00** IT Vr 1 Prakties (3) **09:00** Drama Prakties Eindeksamen	25 **09:00** RTT Vr 1 Prakties (3) **14:00** Afr Vr 1 Taal (2)	26 **09:00** Afr Vr 3 Stelwerk (3)	27 **09:00** Eng FAL P2 Lit (2) Eng HL P2 Lit (2½)	28
29	30 **09:00** Rek Vr 1 (2)	31 **09:00** Geo Vr 1 (3)				

SEPTEMBER

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
			1 **09:00** Besigh Vr 1 (2)	2 **09:00** Afr Vr 2 Let (2½)	3 **09:00** Lewenswet Vr 1 (2½)	4
5	6 **09:00** LO (2) **14:00** RTT Vr 2 Teorie (3)	7 **09:00** IGO Vr 1 (3)	8 **09:00** Eng FAL P 3 (2½) Eng HL P3 (3)	9 **09:00** Rek Vr 2 (2) Drama (3)	10 **09:00** Wisk Vr 1 (3) Wisk Gelet Vr 1(3)	11
12	13 **09:00** Wisk Vr 2 (3) Wisk Gelet Vr 2 (3)	14 **09:00** Ekonomie Vr 1 Makro (2) Ontwerp (3)	15 **09:00** Geo Vr 2 (3)	16 **09:00** GVS (3)	17 **09:00** Fis Wet Vr 1 Fisika (3)	18
19	20 **09:00** Fis Wet Vr 2 Chemie (3) Musiek Prakties **14:00** Musiek Luister (1½)	21 **09:00** Eng FAL P1 Lang (2) Eng HL P1 Lang (2)	22 **09:00** Vis Kuns (3)	23 **09:00** Besigh Vr 2 (2) **14:00** IT Vr 2 Teorie ((3)	24 Erfenisdag	25
26	27 **09:00** Lewenswet Vr 2 (2½) Musiek Teorie (3)	28 **09:00** IGO Vr 2 (3)	29 **09:00** Ekonomie Vr 2 Mikro (2)	30 **09:00** Toerisme (3)		

Verpligte, verlengde skooltye vir matrieks

Liewe matrieks,
Aangeheg ‘n rooster vir verpligte klasse vir die tydperk Maandag, 2 Aug tot Donderdag, 19 Aug. Onthou die klasse is *verpligtend*, aangesien dit dien as voorbereiding vir die rekordeksamen.

2 Aug - 6 Aug	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
07:00					**Musiek**
14:00 - 15:00	Wisk & Wisk.Gelet	FW & Toerisme	Rek & GVS	RTT (sessie 1)	
15:00 - 16:00	Wisk & Wisk.Gelet	FW	GVS	RTT	
16:00 - 17:00				**RTT (sessie 2)**	
17:00 - 18:00				**RTT**	

10 Aug - 13 Aug	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
07:00					Musiek
14:00 - 15:00		FW & Toerisme	Rek	PAT Toerisme & IT	PAT Toerisme
15:00 - 16:00		FW	LW	IT	
16:00 - 17:00			LW		
17:00 - 18:00					

16 Aug - 19 Aug	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
07:00					
14:00 - 15:00	Wisk & Wisk.Gelet	FW	Rek	IT	
15:00 - 16:00	Wisk & Wisk.Gelet	FW	LW	IT	
16:00 - 17:00			LW		
17:00 - 18:00					

Sterkte!!!